

29 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 12:35-48

Fokusgedeelte: NGB, Art 37

Christus se terugkoms – beloning van die gelowiges

Dink aan dag en nag. As dit nooit nag was nie, hoe sou ons geweet het wat dag is? Dag sou maar net wees soos dit altyd is. Deur nag verstaan ons dat dag 'n periode van lig is. Maar hoe verstaan ons die lewe? Die lewe word verstaan deur die dood. Alle mense se leefstyl word ingrypend beïnvloed deur wat hulle glo oor die dood. 'n Voorbeeld is die volgende: Mense wat nie in lewe na die dood glo nie probeer fanaties om die meeste uit hierdie lewe te haal. Mense wat in reïnkarnasie glo sal alles doen om nie as 'n mindere lewensvorm terug te keer nie. Mense wat glo in 'n god wat die paradys gee aan diegene wat die meeste vyande om die lewe bring, se lewe bestaan waarskynlik uit die beplanning van 'n selfmoordbomaanslag. Jou doodsbeskouing beïnvloed jou leefstyl ingrypend.

Hoe lyk mense se lewe dan as hulle WERKLIK glo dat God beloon? Glo dat Christus na hierdie lewe jou tranes afdroog, jou hand neem en in die hemel uitroep: Kyk, Vader! Kyk, engele! Hier is X wat aan My behoort! Christus met 'n voorskoot aan om jou te bedien (vers 37)! Christus wat sy hele besit aan jou toevertrou! (vers 44)! Ondenkbaar en tog waar!

Mense wat glo dat God só beloon is, onder al die mense wat sy koms verwag, nie noodwendig die mees begaafde, mees geskikte of mees opvallende persone nie. Maar hulle is AAN DIE WERK! Hulle is aan die werk, elkeen met die taak wat die eienaar aan hulle toevertrou het. As die eienaar terugkom, vind Hy hulle só besig (vers 43)! Moet nie jou aandag laat aflei nie. Wees ook vandag “soos mense wat vir hulle eienaar wag” (vers 36). Die beloning is groot!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)